Old Mill Gallery MLC-0001-0001-001

## INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0043 | 1709102513 | | |

DIE BURGER Jg. 72 Nr. ........ P. 6 Dat. 1987. 9. 10.

# Dagboek

■ Die Old Mill Galery word môre as permanente kunsgalery op Swellendam geopen. Die galery is in die historiese ou meulhuis in Voortr kstraat 243.

Die eienaar, Riëtte Steenkamp, stel 'n groot verskeidenheid pottebakkerswerk van Bernie Rowan, beeldhouwerk van Nico Prins en skilderye van Pieter van der Westhuizen, Piet van Heerden, Conrad Thys, Normand Dunn, Frans Claerhout, Hennie Niemann en Lynette Hamman ten toon.

Adriaan Mocke open die galery seweuur môreaand. Kunsliefhebbers van Swellendam en omliggende dorpe is baie welkom.

TREFWOORDE

1 ..................

..................

2 ..................

..................

3 ..................

..................

Old Mill Gallery: Swellendam

## INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0043 | 1709082151 | | |

DIE BURGER Jg. 73 Nr. ........ P. 7 Dat. 1987. 9. -8.

# Nuwe kunssaal op Swellendam

SWELLENDAM kry op 11 September 'n nuwe kultuurbaken by met die opening van 'n permanente kunssaal in die geskiedkundige Mill Cottage, wat in 1830 as watermeule gebou is en geleë is in Voortrekstraat 243.

Riëtte Steenkamp, die eienares van die Old Mill Gallery, stel van 11 September af daar werke ten toon van onder andere die skilders Conrad Theys, Piet van Heerden, Hennie Nieman, Frans Claerhout, Pieter van der Westhuizen, Lynette Hamman en Norman Dunn, die beeldhouer Nico Prins en die pottebakker Bennie Rowen.

Die kunssaal gaan konsentreer op goeie Suid-Afrikaanse kuns. Die portefeulje sal voortdurend verander.

TREFWOORDE

1 ..................

..................

2 ..................

..................

3 ..................

..................

4 ..................